

### Die Hemel is werklik 'n boek deur Todd Burpo

Todd Burpo is 'n leraar by 'n kerk in 'n klein dorpie, Imperial, in Nebraska. Op 3 jaar en 10 maande het sy seuntjie, Colton, se blindederm gebars. Hy moes 'n noodoperasie ondergaan en dinge het sleg gelyk. Nadat 80 mense een aand by die kerk in Imperial saam vir hom gebid het, het 'n wonderwerk gebeur en die volgende oggend was hy gesond. Na die tyd het hy aan sy ouers vertel dat hy in die hemel was. Hy het vertel dat terwyl hy siek was hy sy pa en ma in aparte kamers vir hom sien bid het en dat die Here sy pa se gebed beantwoord het en Colton terug gestuur het aarde toe. Colton vertel dat hy sy oupagrootjie en 'n sussie van hom wat in 'n miskraam dood is, gesien het. Hy het ook vertel dat hy op Jesus se skoot gesit het en dat die engele vir hom gesing het. Sy ouers het baie prente van Jesus vir hom gewys, maar hy het altyd gesê: "Nee dis nie hoe Jesus lyk nie." In Idaho het 'n Litaus-Amerikaanse meisie, Akiane Kramarik ook van 4 jaar af visioene van die hemel gesien en tonele daarvan geskilder. Op ouderdom 12 het sy 'n skildery van Jesus geskilder. Todd het deur die internet 'n foto van die skildery gekry. Toe hy dit vir Colton wys, het hy onmiddellik gesê: "Dis hoe Jesus lyk." Albei die twee kinders sê dat Jesus baie mooi oë het, 'n kombinasie van blou en groen. *Die Hemel is Werklik* sal die manier waarop jy oor die ewigheid dink vir altyd verander en jou die kans gee om te glo soos 'n kind.

### 90 Minute in die Hemel 'n boek deur Don Piper

Een oggend was Don Piper oppad huis toe van 'n konferensie af. 'n Vragmotor het in sy baan ingery en oor sy motor gery. Don Piper was op slag dood. Terwyl hy dood in die motorwrak gelê het, het hy die heerlikheid van die hemel ervaar en was verwonderd oor die skoonheid en mooi musiek wat hy daar ervaar het. 'n Leraar het na die wrak gekom en vir Don gebid en na 90 minute keer hy terug aarde toe, terwyl hy "What a Friend we have in Jesus" sing. Sy pad na herstel is ongelooflik lank en gaan met geweldige pyn gepaard. Sy ervaring van die hemel het egter sy lewe totaal verander. Hierdie boek het my persepsie van die lewe en die lewe hierna heeltemal verander en ek glo dit sal jou siening ook verander.

‘n Ontdekkingsreis deur die Bybel – vir kinders ‘n **boek** deur Dave Strehler

Die Bybel is die belangrikste boek wat jy kan lees. Dit is propvol raad en riglyne om vir ons te wys wat ons moet doen om regtig te lewe soos God van sy kinders verwag. Maar soms is ons nie seker hoe om die Bybel reg te lees nie. ‘n *Ontdekkingsreis deur die Bybel – vir kinders* kan jou hiermee help:

1. Elke boek van die Bybel word bespreek, van Genesis tot Openbaring.
2. Belangrike onderwerpe soos geloof en redding word bespreek.
3. Daar is oulike kaarte en tydlyne.
4. Daar is interessante inligting oor Bybeltye.

As jy die boek klaar gelees het, sal dit jou help om die Bybel beter te verstaan en dit wat jy daarin leer, in jou lewe uit te leef.

deur Henriëtte Boot